

# Europa moet Afrika red, sê prof. Sampie

**WES-EUROPA** het 'n verantwoordelikheid teenoor Afrika om hierdie vasteland van ekonomiese ondergang te red, het prof. Sampie Terreblanche, hoogleraar in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, verlede week in Wes-Duitsland gesê.

Hy het 'n seminaar in Jakobsberg toegesprek oor Suid-Afrika se ekonomie en die land se betrekkinge met die Republiek van Wes-Duitsland.

In 'n uiteensetting van Wes-Europa se kolonialistiese en imperialistiese verlede in Afrika, het hy gesê dat Afrika se oorspronklike kultuur en lewenswyse deur die koloniale periode

ondermyn en vernietig is, maar dat, met die uitsondering van Suid-Afrika, die Wes-Europese lewenswyse, beskawing en ekonomie nie sterk genoeg was om behoorlik op Afrikabodem wortel te skiet nie.

Gevolgtreklik het Afrika-lande te doen met 'n ekonomiese toestand waarvoor hulle basies geen beheer het nie en kan hulle op eie houtjie ook geen blywende oplossing vir die desperate toestand vind nie. "Afrika is besig om te sterf", het die Sekretaris-Generaal van die OAU, Edem Kodjo, in April 1980 in Lagos gesê.

Prof. Terreblanche het gesê dat Suid-Afrika in 'n unieke posisie is om hulp te verleen aan 'n Afrika wat besig is om onherroep-

lik in 'n ekonomiese, politieke en maatskaplike chaos weg te sink.

Weens Suid-Afrika se unieke geografiese en ekonomiese posisie as die enigste land van die sogenaamde "Eerste Wêreld" of dan die "Noorde" wat op die vasteland van Afrika bestaan, is ons amper ideaal geskik om 'n helpende hand na Afrika uit te steek en so die amper onafwendbare ondergang van die suidelike deel van Afrika te help verhinder.

Hiervoor bestaan egter 'n paar voorvereistes waaronder prof. Terreblanche die volgende genoem het:

- Die hervorminge in Suid-Afrika moet voortgaan ten einde die nodige tussensake tussen Suid-Afrika

# sê prof. Sampie

en Afrika oop te maak en oop te hou;

- Wes-Europa moet voortgaan om Suid-Afrika, op toenemende wyse ekonomies en andersins te ondersteun, omdat ekonomiese oplewing en groei in Suid-Afrika die voorvereiste vir vreedsame binnelandse hervormings is - die alternatief sal 'n chaotiese toestand wees wat nie slegs Suider-Afrika nie, maar ook die Weste vir dekades sal benadeel;

- Wes-Europese regerings het dus 'n plig om vir Suid-Afrika op internasionale terrein in die

bresse te tree en veral onder die Afrikastate se aandag te bring dat dit in hulles eie, lewensnoodsaaklike belang sal wees om eerder met Suid-Afrika saam te werk;

- Mense van die Wes-Europese lande sal in toenemende mate, en op groot skaal, regstreeks betrokke moet raak in die opheffing en ontwikkeling van Afrika-lande deur byvoorbeeld as onderwysers, ingenieurs, dokters, verpleegsters en administratiewe personeel in honderde en duisende na Afrikalande te gaan en op die

basis van die Amerikaanse "Vredeskorp" hulp te verleen.

- Prof. Terreblanche het Suid-Afrika se uiters belangrike en positiewe rol in Suider-Afrika onderstreep en genoem dat dit die enigste moderne, ontwikkelde nywerheidsland in Afrika is wat ten volle op die hoogte van Afrikatoestande is. Hy kan dus waardevolle en noodsaaklike hulp aan Afrikastate voorsien op tegniese, mediese, opvoedkundige en ander gebiede.

Prof. Terreblanche het afgesluit deur te sê dat

Suid-Afrika nie sanksies en ander vorme van druk benodig nie, maar wel finansiële, ekonomiese, tegniese en kulturele hulp en ondersteuning ten einde die hoogs moontlike groei-koers te kan handhaaf.

Deur dus die beste tegniese, finansiële en kulturele hulp aan Suid-Afrika te verskaf, sal Wes-Europa help om die noodsaaklike hervormings in Suid-Afrika te laat plaasvind en dus die "aaklige alternatief" van rewolusie en bloedvergieting op die agtergrond plaas en laat verdwyn.

Fin  
g

SUBTERRAN  
het die aflew  
nege plaaslik  
digde eendoe  
vir gebruik i  
grondse ontsl  
De Beers se F  
mantmyn volto

Onder die ee  
waarde van  
R700 000, te  
grondse vra  
laaiers en skêr  
tuie. Almal i  
ontwerp om  
aan Finsch so  
voertuie wat  
om in beper  
weë gebruik

Die vrag  
verskaf is,  
dig 'n nuwe  
Subterrane  
stortvoertu

Bessemer

Grand... in met... nielz